basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Die huis luister" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. " 'last grave at dimbaza' " | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Safari" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "Kwatryne" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 5. "Hemel" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 14. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 23 |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 23 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 12–15 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die huis luister – Daniel Hugo**

my kamers is hol soos 'n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo's
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

[Uit: *Dooiemansdeur*, 1991]

Die gevolge van onmin in 'n gesin word in hierdie gedig verwoord.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**"last grave at dimbaza" – Fanie Olivier**

beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is
die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy't sy brief gepos met 'n viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

[Uit: *skimmellig*, 1978]

2.1 Waarom is die titel van hierdie gedig in Engels? (1)

2.2 Te midde van die opgewondenheid, is daar 'n verskil tussen die naam "beauty douglas" en die omstandighede van haar geboorte.

Gee die verskil na aanleiding van versreël 4–7. Haal die sinekdogee wat gebruik word om die ma se gesin te beskryf in DRIE opeenvolgende woorde aan. (2)

2.3 Watter retoriese middel word gebruik om die ma se blydskap in versreël 15–16 duidelik te laat blyk? (1)

2.4 Herlees versreël 16–17.

Watter nuus wil die vrou aan haar man oordra? In watter opsig verskil die stemming wat deur versreël 17 geskep word van die vrou se nuus? Hoekom is die herhaling van versreël 2 in versreël 17 effektief? (3)

2.5 In versreël 34 word halfrym gebruik. Benoem dié halfrym. (1)

2.6 Dink jy die probleem wat in hierdie gedig aangeroer word, is in 2017 steeds 'n universele probleem? Gee TWEE redes vir jou antwoord deur die konteks van die gedig in aanmerking te neem. (2)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Safari – DJ Opperman**

Niks
staan
stil –
alles
kry
voete,
beweeg
in
lang
stoete:
grassteeltjies,
kosyne,
stede
en
treine;
oor
Saharas
en
savannes
die
optog
van
alle
paaie
oor
die
wêreldrond
na
die
gaatjie
in
die
grond
o

[Uit: *Kuns-mis*, 1964]

3.1 Wat is die denotatiewe betekenis van die woord "Safari"? (1)

3.2 Skryf die woord in versreël 1–6 neer wat versreël 34 verklaar. (1)

3.3 Waarop dui die woorde wat in versreël 10–15 gebruik word? Hoe ondersteun dié woorde die boodskap van die gedig? (2)

3.4 Waarop sinspeel die "savannes" binne konteks van die tema van die gedig? (1)

3.5 Benoem die stylfiguur in versreël 30 en motiveer waarom die gebruik van dié stylfiguur hier 'n goeie keuse is. (2)

3.6 Die tipografie van dié gedig skep die indruk van 'n speelse, ligte, informele vers. Hoekom verskil die stemming wat in die gedig aangetref word van hierdie tipografiese indruk? (1)

3.7 Watter TWEE sake wat in die gedig genoem word, geld ook vir jou lewe? (2)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**
Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, O Regisseur.

**11**
As daar applous was vir die laaste maal
en U die décor moeg na onder haal,
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**
In hierdie klug vergeet soms 'n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**
Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant
nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterdoek 'n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin*, 1954]

4.1 Watter eindrym kom in versreël 1–2 van elke kwatryn voor? (1)

4.2 Benoem die beeldspraak in versreël 4 (kwatryn 10). Waarom word "Regisseur" met 'n hoofletter geskryf? (2)

4.3 Herlees kwatryn 11.

Aan watter TWEE voorwaardes moet voldoen word voordat die spreker "U" se erkenning kan kry? Haal EEN woord uit dié kwatryn aan wat dui op dié erkenning. (3)

4.4 Watter insig ten opsigte van die lewe huldig die spreker in kwatryn 12? Stem jy met hierdie insig saam? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

4.5 Wat is die funksie van die enjambement in kwatryn 13? (1)

4.6 Is die vraag wat in versreël 3–4 (kwatryn 13) gevra word, op jou van toepassing? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Hemel – Lina Spies**

My kat is geel soos 'n papawer
met oë nes botterblommetjies
en 'n voetstap ligter
as 'n sonstreep oor die water
Die mossies in my tuin
het koppies rond soos okkerneute
en ligte lyfies soos gepunte blare

Maar op 'n dag
skerp naels tussen fyn veertjies
en meteens die angs
gestem op die kwint van 'n klein stemmetjie

Dis dan dat ek my voete botter smeer
om langer hier te bly
en nie by voorbaat weg te loop na daardie land
waar die wolf by die lam gaan wei
en die mossie haar eiertjies
tussen die pootjies van die kat sal lê.

[Uit: *Digby vergenoeg,* 1971]

5.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

5.2 Benoem die beeldspraak in versreël 2. Waarom is dié beeldspraak gepas vir strofe 1? (2)

5.3 Dra die verkleinwoorde in strofe 1 by tot die stemming van geluk en rustigheid? Motiveer jou antwoord. (1)

5.4 Wat is die funksie van "Maar" in versreël 8? Haal EEN woord uit versreël 8–11 aan wat die veranderde stemming in dié versreëls versterk. (2)

5.5 Benoem die klankeffek/halfrym in versreël 15. (1)

5.6 Waar is "daardie land" (versreël 14) waarna die spreker verwys? Dink jy dis oortuigend dat die spreker "langer hier" (versreël 13) wil bly? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

In *Die kwart-voor-sewe-lelie* is die Engel een van die karakters in Iris se lewe.

Bespreek die rol wat die Engel in Iris se lewe speel in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Tja," het die Engel gesug. "Die lewe is nie 'n storieboek nie."

"En 'n naam is net 'n naam."

"Is so," het hy saamgestem.

Die rooi kat het oor sy skouer na ons gekyk, maar toe hy my oog vang, het hy vinnig weggekyk en sy neus weer teen die muur gedruk.

"Net voor jy gaan," het ek gesê. "Ek wil jou vertel van 'n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar 'n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen. En toe, een laatmiddag, speel ek met Polder en uit die hoek van my oog sien ek 'n beweging, iets wits tussen die groen. 'n Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik. Ek het na my horlosie gekyk en gesien dit was kwart voor sewe. Die volgende oggend was die fyn wit blom verlep, maar daar was nog heelparty knoppe aan die stingel. Daardie aand het ek van sesuur af na die plant gestaan en kyk al het Johanna geroep ek moet kom help met die slaai. Een van die knoppe het dikker geword, uitgebult aan die kant en presies kwart voor sewe het die blom oopgemaak. As ek my oë sou geknip het, het ek dit gemis, so vinnig het dit gebeur. En die soetste geur."

"Wat probeer jy sê?" het hy gevra.

Ek was gekrenk. "Niks nie."

"Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie."

7.1 In watter spesifieke ruimte bevind Iris en die Engel hulle in hierdie gedeelte? (1)

7.2 By watter karaktertrek van Iris sluit die Engel se woorde in reël 1 aan? (1)

7.3 Herlees reël 2.

Watter ander karakter wat Iris in Amerika ontmoet het, het 'n soortgelyke boodskap aan haar oorgedra? Is Iris oortuig daarvan dat 'n naam net 'n naam is? Motiveer jou antwoord. (2)

7.4 Herlees reël 6–17.

Skryf na aanleiding hiervan die hooftema van die roman neer. Iris se optrede aan die begin én aan die einde van die roman ondersteun dié hooftema. Motiveer hierdie stelling ten opsigte van Iris binne konteks van die roman. (3)

7.5 Watter karakter is in reël 19 aan die woord? Waarom is die verteller hier effektief? (2)

7.6 In TEKS A vertolk die Engel die rol van raadgewer. Noem enige TWEE ander rolle wat die Engel in Iris se lewe speel en gee 'n voorbeeld van ELK in die roman. (4)

**EN**

**TEKS B**

"Nee," het ek gesê.

Dié keer was dit 'n regte hospitaal. Geen katte nie en al vier beddens in die saal beset. Links van my was 'n gebreekte heup, oorkant my 'n gebreekte sleutelbeen en 'n rugwerwelprobleem. Vir die Engel was daar geen lêplek nie. Hy was ook nie op die vliegtuig nie en ek het gewonder of hy agtergebly het om sy wakende oog oor Peter of Bettie te hou.

Frederik het my hand vasgehou en ek het hom maar laat begaan.

Ek was skaars weer op die been en aan dokter Anders se sy, toe Elsa haar dramatiese aankondiging maak: Sy het besluit enigste kinders is nie die ideaal wat sy ons altyd voorgehou het nie, groot gesinne is meer dinamies en verrykend. (Dit was kort ná die geboorte van Michel, Kara en Claude se eersteling, 'n blonde kind met pikswart ogies en 'n olyfkleurige vel soos sy mooi pa.) Haar dokter het sy kop geskud en gesê sterilisasie is onomkeerbaar, maar hulle kon tog diverse dinge probeer en kyk wat gebeur. 'n Drieling was die gevolg. Selfs Johanna het nie geweet wat om te sê nie en Pa het in aller yl van sy plaas teruggekeer om sy prokureur te gaan spreek en sy testament te hersien. Al drie was seuns en sou aan 'n stukkie grond gehelp moes word.

"Die dokter is te slim," het Ma gesê. "Wie sou dit kon raai?"

"Slim?" het Johanna gesê. Sy en Ma het gebrei dat die rook uit hul penne slaan, ...

7.7 Waarom is Iris nóú in 'n hospitaal? (1)

7.8 Dr. Anders se van is sprekend van Iris se anderste verhoudings met mans.

Gee DRIE redes waarom haar verhoudings met Peter én Frederik anders is. (3)

7.9 Herlees reël 5–6.

Hoekom sou die Engel moontlik 'n wakende oog oor Bettie moet hou? Dink jy Peter sou daarvan hou dat die Engel 'n wakende oog oor hóm hou? Motiveer jou antwoord. (2)

7.10 Herlees reël 8–15.

Watter ironiese wending ondergaan Elsa en Kara onderskeidelik in die roman? (2)

7.11 In reël 15 tree Johanna teenstrydig met haar karakter op.

Waarin is dié teenstrydigheid geleë? Noem TWEE maniere hoe Johanna as karakter vir Iris ten opsigte van haar lewensfilosofie ondersteun. (3)

7.12 Watter ooreenkoms toon TEKS A en TEKS B ten opsigte van Iris se ingesteldheid teenoor die Engel? (1)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

In die roman, *Manaka Plek van die Horings*, is Ouma Essie 'n invloedryke karakter wat die Christelike geloof op Manaka verseker.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Oom Scholtzie en Nanna draai ongemaklik terug na hulle voertuie.

"Jammer dat ek so afgegaan het teenoor jou," sê Baas vir Grace, "maar nou is alles reg en ek wil jou baie mooi vra om huis toe te gaan."

"Dit is iets wat ek graag sal wil doen. Maar die Here wil nie hê ek moet verskonings gebruik om weg te kom van iemand af wat my nodig het nie. Hy wil ook nie hê ek moet weghardloop van my kans af om 'n werk te kry net omdat iemand my wegjaag nie."

"Daar is niks wat ek kan doen om jou aan 'n werk te help nie."

"Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe Hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd. Dit is hoe dit is."

Baas laat haar toe om hom tussen die stukke hout uit te help.

"Ek het vir jou 'n belt gemaak." Sy het die biesies klaar gevleg. "Gebruik dit in die plek van die haakspeld. Nou kan jy weer die ou man teen jou muur gaan ophang. Dit sal nog 'n lang ruk wees voor jou klere weer pas."

Baas sak teen die hardekoolknoets op die houthoop neer. "Wat weet jy van die sendeling wat Manaka begin het?"

9.1 Gee TWEE redes vir Oom Scholtzie en Nanna se ongemak in reël 1. (2)

9.2 Hoekom is Baas se optrede in reël 2–3 tiperend van sy karakter? (1)

9.3 Is die TWEE redes wat Grace in reël 4–7 aanbied, geloofwaardig? Motiveer jou antwoord deur na albei redes te verwys. (2)

9.4 Herlees reël 9–13.

Hoe voel Baas oor elkeen van die twee aspekte waarna Grace verwys? Hoekom reageer Baas so bedaard op haar woorde? (3)

9.5 Dink jy dat die betekenis van Grace se naam in TEKS C deur haar dade ondersteun word? Motiveer jou antwoord. (1)

9.6 Watter ander belt/lyfband/gordel speel 'n rol in Baas geestelike groei? (1)

9.7 Wat is die verband tussen Baas en die onderstreepte woorde in reël 15 en reël 18? In watter TWEE opsigte dra die onderstreepte woorde tot Baas se innerlike konflik op Manaka by? (3)

**EN**

**TEKS D**

Toe Baas by sy slaaphut ingaan, stuit sy oupagrootjie se oë hom. Iemand het die toutjie ingeryg en die portret weer teen die muur gehang. Hy gaan behoedsaam nader en soek tussen die hoekige lyne van die gesig en in die helder oë na iets wat hy dalk deur al die jare misgekyk het. Daar is niks nuuts nie.

Hy wig die vyfrandmunt wat Riekert vir ouma Essie gestuur het voor sy oupagrootjie se bors tussen die glas en die raam in. "<u>Jy wen, Baas Dennis</u>," sê hy.

Onder die Land Rover word Baas weer naar. Sy balans is nog aangetas. In die hoofpad ratel 'n groot voertuig tussen die klipkoppe tot stilstand. Iemand kom van die kerk se kant af in die Manaka-pad langs gestap. Hy struikel oor 'n klip. Dit is die lang man met die blou oorpak. Hy hurk by die Land Rover, sy hand op die agterwiel.

"Howzit?" Whitey loer onder die bakkie in.

"Aan die gang," sê Baas. Hy lê op sy sy.

"Ek het gedink ek sal maar daar bo stilhou, hier is dalk nie draaiplek by jou kamp nie. Die mense in Ngweze het 'n boodskap gestuur. Hulle sê hulle kry nie die onderdele vir jou boot nie."

"<u>Ek het dit nie meer nodig nie</u>. Maar dankie."

Baas rol onder die voertuig uit en gaan sit met opgetrekte bene langs die voorwiel.

Grace bring koffie. Oor haar skouer hang die geel oliebaadjie waarin die patrone en die hondekos toegedraai was ...

9.8 Wie is die "iemand" wat die portret weer teen die muur gehang het? (1)

9.9 Watter tipe konflik ervaar Baas in TEKS D en waaroor handel hierdie konflik? (2)

9.10 Hoekom is die gebruik van die alomteenwoordige verteller in reël 6–12 effektief? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

9.11 Wie veroorsaak dat Baas se boot verdwyn? Wat doen Whitey om Baas te help om sy boot te vind? Is Whitey se betrokkenheid by Baas teen die einde van die roman oortuigend? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

9.12 Volgens die onderstreepte woorde in TEKS D gaan Baas weg.

Noem TWEE optredes van Baas wat bewys dat hy, net soos die *ou man teen die muur* (TEKS C), op Manaka gaan bly? Wie het, na jou mening, die grootste invloed op Baas se besluit om te bly? Motiveer jou keuse. (4)

**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

In die roman *Vatmaar* oefen Ta Vuurmaak en oom Chai invloed uit op die nedersetting, Vatmaar, en die inwoners.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Elkeen van ons het 'n vuilgoedgat op 'n hoek van sy erf gehad en alle rommel is daarin gegooi, met die as van die dag se vuur bo-op.

Daar was toe nog nie 'n kerk of poliesstasie om vrees in onse gemoedere te blaas nie. Geen sokkerspan en danssaal om onse aandag af te trek nie. Geen dokter en prokureur om op staat te maak nie. Daar was net veldpaaie, met gate wat vanself toegaan as dit reën. En oral was daar kortpaaitjies.

Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie. Ek kan nie onthou dat ek ooit 'n swanger ongetroude meisie gesien het nie. Daar was meer kinders as grootmense.

Sterfgevalle was ver uitmekaar maar elke nou en dan is daar 'n baba gebore. Niemand is dood aan kanker nie want dit was 'n rykmansiekte, maar teen witseerkeel het kinders nooit 'n kans gehad nie. En daar was twee soorte tering: die vette en die mare.

Onse kinders het oorgenoeg gebaklei, maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou.

Vatmaar se kinders het nooit van die Agtste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie. Ons kon dit nooit weerstaan om 'n draai met anderman se bicycle te ry nie. En ons het dit geniet om rond te draf met 'n ou bicycle-wiel sonder speke of tjoep met 'n stokkie in die groef.

Vir tandpyn was ons die bangste, want die slagoffers moes Du Toitspan toe loop met 'n lap oor sy mond om die wind uit te hou.

11.1 Na watter nedersetting word in TEKS E verwys? (1)

11.2 Dink jy dis oortuigend dat die verteller in TEKS E een van die plaaslike inwoners is? Motiveer jou antwoord. (1)

11.3 Behalwe die vuilgoedgat, is daar ook hoekbakens vir elke erf wat eienaarskap aandui. Noem TWEE maniere hoe die eienaarskap van 'n erf gevier word. (2)

11.4 Gee EEN rede hoekom die "poliesstasie" 'n negatiewe invloed op onderskeidelik Tant Wonnie en Kaaitjie het. Watter positiewe gevolg het die regsproses vir Tant Wonnie? (3)

11.5 Herlees reël 4.

11.5.1 Watter tipe konflik veroorsaak die dansery by die stokvel by oom Chai? (1)

11.5.2 Wat is die oorsaak van dié konflik? Hoe word dié konflik opgelos? (2)

11.6 In TEKS E noem die verteller dat die inwoners nie armoede ken nie.

Bewys met TWEE redes uit die roman dat Tant Wonnie wél armoede ken. (2)

**EN**

**TEKS F**

Case dismissed, sê die magistraat en doop sy pen in die inkpot.

Bennie het die saak gewen.

Met 'n glimlag het hy gesê sodat almal dit kon hoor: Geregtigheid het geseëvier – en gedink aan die ander vyf skape wat hy by Mineer Lambrecht gesteel het.

Die magistraat het met sy hand 'n stopteken vir die aanklaer gemaak. Dié het opgestaan en geskree: Orde!

Die hele hof het opgestaan terwyl die magistraat die saal deur die sydeur verlaat. Die mense is by die publiek se deur uit. Dit was teetyd.

Na die teetyd het die aanklaer die magistraat by die sydeur gewaar. Hy het opgestaan. Orde! Stilte in die hof! Het hy geroep.

Die magistraat het ingekom en gaan sit.

Volgende, het die poeliesman geskree: Cham Look!

Die Chinees het opgestaan en voor die traliehek gaan staan sodat dit oopgemaak kan word. Hy het reguit na die beskuldigdebank gestap en vir die aanklag gewag.

Running an unlawful game of chance in which money was involved, guilty or not guilty?

Skuldig, Edelagbare.

Five pounds or thirty days. Take him away! het die magistraat gesê sonder om op te kyk.

Chan is terug hofsel toe om te wag vir die geld wat hy geweet het sy ma saam met die ou swartman wat vir haar werk, sal stuur.

Toe hy met die vyf pond opdaag, het Chan die ou Xhosa-man teruggestuur vir nog 'n pond, vir Neels Vool se boete, en om vir sy ma te sê die geld wat hy by hom gehad het is deur die poelieste gekonfiskeer.

11.7 Watter karaktereienskap kan jy van Bennie O'Grady aflei uit sy gesprek met Hendruk Jannewarie wat vóór TEKS F plaasgevind het? (1)

11.8 Dink jy Bennie O'Grady ondergaan karakterontwikkeling nadat hy onskuldig bevind is? Motiveer jou antwoord met 'n bewys uit die roman. (1)

11.9 Waarom steel Bennie O'Grady skape? Het Chan Look dieselfde beweegrede as Bennie vir sý oortreding? Motiveer jou antwoord. (2)

11.10 Hoe sluit Bennie O'Grady, Chan Look en Ouma Ruth se lewe aan by die tema van liefde wat oor tradisionele grense strek? (3)

11.11 Noem VIER redes waarom Chan Look dadelik skuldig pleit. (4)

11.12 Herlees reël 16–17 van TEKS E.

Dink jy die standpunt wat die verteller in TEKS E huldig, is op Bennie O'Grady en ook op oom Flip van toepassing? Motiveer jou antwoord deur na elke karakter afsonderlik te verwys. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

In hierdie drama tree Cavernelis as 'n newekarakter, wat die bestaan op die Kaapse Vlakte belig, op.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

| | |
|---|---|
| | *In 'n terugflits, Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool. Blanchie op 'n afstand, kom nader. Map sit, miskien op 'n bankie in 'n speelpark. Blanchie het haar skooluniform aan. Hulle glimlag vir mekaar.* |
| MAP: | Haai, Blanchie ... |
| BLANCHIE *(skaam)*: | Johnnie ... |
| MAP: | Jy all right? |
| BLANCHIE: | Ja ... |
| MAP: | Kom sit ... |
| BLANCHIE: | Ek's al laat al, Johnnie ... |
| MAP: | Hoe mien jy laat? |
| BLANCHIE: | Daar was so baie mense in die winkel, man ... |
| MAP: | O ... |
| BLANCHIE: | Ek het cigarettes gaan koep, vir Antie Maud ... |
| MAP: | O ja? |
| | *Hulle sit nou, langs mekaar, skamerig.* |
| BLANCHIE: | Aag, sy's all right, al is sy my stiefma ... |
| MAP: | Ja ... |
| BLANCHIE: | Sy's eintlik ... baie all right moet my ... |
| MAP: | Julle ... kom aan ... |
| BLANCHIE: | Mmmm ... |
| | *Stilte. Hulle sit net, skamerig. Dan wil Map Blanchie se hande vat en haar soen.* |

| | |
|---|---|
| BLANCHIE: | *(hou hom halfhartig weg)* Johnnie ... Nee ... |
| MAP: | Aag, Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Ek moet nou loop ... |
| MAP: | Maar ... |
| BLANCHIE: | Hulle wag vir my ... |
| MAP: | Hulle? |
| BLANCHIE: | Daddy en Antie Maud ... |
| MAP: | O ... |
| BLANCHIE: | Daddy moet weer yt vanaand, man ... |
| MAP: | Moet die canvassing? |
| BLANCHIE: | Ja ... |
| MAP: | Hy's 'n werksamige man ... |
| BLANCHIE: | Aag, jy wiet hoe is Daddy ... |
| MAP: | Ja, hy wil vir julle hierso ytvat, yt die township yt ... <u>Ek niem hom nie kwalik nie ...</u> |
| BLANCHIE: | Hy's all right ... Eintlik 'n goeie man ... |
| MAP: | Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Ek ... moet nou gaan ... |
| MAP: | Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Mmmm? |
| MAP: | Ek ... Ek ... Het jy ... Ek mien ... |
| BLANCHIE: | Johnnie, moenie ... |
| MAP: | Blanchie ... |
| BLANCHIE: | Johnnie ... |
| | *Hy raak aan haar. Sy aan hom. Hulle soen mekaar. Breek.* |

13.1 Wat word deur die dramaturg in reël 1–5 gebruik om vir die leser aan te dui dat die handelinge tussen Map en Blanchie onskuldig is? (1)

13.2 Herlees reël 18.

Gee TWEE redes waarom Blanchie se gesindheid teenoor haar stiefma later in die drama verander het. (2)

13.3 Lees die onderstreepte gedeelte van reël 39.

Op watter manier bly Map getrou aan hierdie woorde nadat hy uit die tronk gekom het? (1)

13.4 Wat probeer Map vir Blanchie in reël 45 vra? Watter versoek rig Blanchie in die volgende reël en waarop dui dit ten opsigte van haar verhouding met Map? (3)

13.5 Waarom gebruik die dramaturg so baie ellipse in TEKS G? (1)

**EN**

**TEKS H**

*Cavernelis verdwyn en Blanchie is by Map, in die tronk.*

BLANCHIE *(bitter)*: Hoekom kom ek jou nog sien!? ... Hoekom ... kom ek jou nog sien!!
MAP: Blanchie ...
BLANCHIE: Hoekom ...
MAP: Blanchie ... ek ...
BLANCHIE: Johnnie ...
MAP: ... ek het gesê ek is ... sorry, man ... ek ...
BLANCHIE: Johnnie ...
MAP: ... Ek wil oek iets gewies het ... jy't tog ge-verstaan ...
BLANCHIE: *(sluk)* Okay ...
MAP: Ek was goed op skool ... Jy't ... ons het ... mekaar ge-ken ... op skool ...
BLANCHIE: Johnnie ...
MAP: Innie Elsies, jy onthou ...
BLANCHIE: *(haar gemoed skiet vol)* Ja ...
MAP: Blanchie ... Die varke, toe het hulle't vir my gesê, daar's 'n job, dis die enigste werk wat hulle vir my wil gee, vir messenger ... Jy't gewiet ... Ons het problems gehad met geld ... ek kon nie verder gaan nie, net matriek ... Toe's al die jobs vir wittes ... Net messenger vir my! Messenger! Wit bastards!!
BLANCHIE: Johnnie ...
MAP: Maar ... ek verskoon myselwers nie nou meer nie ... Ek het ... <u>nonsens aangevang</u> ... Blanchie ... Om like 'n leader te wies!

*Stilte.*

MAP: Blanchie ...
BLANCHIE: ... Johnnie ...
MAP: Ek het jou ... nog al die tyd ... lief ...

*Skielik breek sy, en lag en lag.*

BLANCHIE: Johnnie! *(Lag en lag. Dit weerklink.)*
MAP: *(skreeu)* Blanchie! Blanchie!

*Haar gelag is nog in die lug terwyl die lig uitdoof.*

13.6 Op watter maniere verloor Blanchie en Map onderskeidelik die kinderlikheid van hul tienerjare en hoe kry Blanchie se naam dan 'n ironiese betekenis? (3)

13.7 Waarom is Cyril se nuus dat Map op parool vrygelaat gaan word, die motoriese moment in die drama? Hoekom lei dié nuus later tot 'n antiklimaks? (2)

13.8 Herlees reël 17–18.

In watter opsig ondersteun hierdie gedeelte die sentrale tema van die drama? (2)

13.9 Waarna verwys Map in reël 25 se onderstreepte gedeelte? (1)

13.10 Map verwys na sy leierskap in reël 25–26.

Watter aspek van Map se leierskap staan vir jou uit? Dink jy Map het die potensiaal om na sy vrylating 'n goeie leier in sy gemeenskap te wees? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

13.11 Noem die stemming in TEKS G én in TEKS H en gee die rede vir die stemming in elke teks. (4)

13.12 Dink jy dat die verkeerde keuses wat Map en Blanchie maak, net deur mense wat in armoede verkeer, gemaak word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 14: *MIS* – OPSTELVRAAG

In die drama, *Mis*, tree Miem in verskillende hoedanighede in Meisie se lewe op.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

## VRAAG 15: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

MIEM: Gabriël is 'n goeie man. 'n Sagmoedige man. Edel van inbors. Uit 'n goeie familie! Hy was maar altyd ... 'n bietjie swartgallig! Maar wat is daarmee verkeerd? Maak dit hom 'n monster? O, ek weet wat die mense sê! Hulle sê hy is nie ... lekker nie! *(Baie boos)* Skinderbekke! Kwaadstokers! En u glo hulle! Konstabel, ek dink u moet maar liewer gaan! U is nie langer hier welkom nie!

GERTIE: Jy bedoel dit tog nie, Miem?

MIEM: Hou jou hier uit! Dit is my man wat so ... beswadder word!

KONSTABEL: *(staan op. Kwaad. Beweeg na die deur)* Ek sal gaan, Mevrou. *(Draai by die deur om en laat sy stok val)* Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie.

MIEM: *(nors)* Nou sê jou sê.

KONSTABEL: *(kwaad)* Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind ... of hier nog 'n deur is. Nog 'n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word ... Iemand kan daar insluip ... U man oorrompel ... Afklim ... en voor ons weet, is hy ... of sy ... tussen ons.

GERTIE: O, Vader!

MIEM: Konstabel ... ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien ... u dra tog ons belange op die hart.

15.1 Wat gee aanleiding tot Miem se uitbarsting in reël 1–4? (1)

15.2 Dink jy Miem se lojaliteit teenoor Gabriël is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

15.3 Gee TWEE redes waarom Gertie nie wil hê dat Konstabel "moet gaan" nie. (2)

Kopiereg voorbehou 

15.4 Konstabel slaag daarin om die vroue deur sy handeling (hy laat val die stok) én dialoog in reël 10–13 te manipuleer.

Gee nog DRIE ander maniere waarop Konstabel die vroue manipuleer. (3)

15.5 Herlees die toneelaanwysings/neweteks in reël 14.

Dink jy dit is tiperend van Miem se karakter? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die res van die drama. (2)

15.6 Waarom is die ellipse in reël 20–21 funksioneel? (1)

15.7 Hoekom is Miem se onderstreepte woorde in reël 23–24 ironies? Op watter wyse sluit hierdie woorde by die titel van die drama aan? (2)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| | *Hy verstar wanneer hy iets hoor. Dan beweeg hy vinnig na die agterdeur en maak dit toe. Soos voorheen staan hy met sy rug na die gehoor en leun teen die kosyn. MEISIE verskyn in die gangdeur. Sy is kaalvoet en dra haar wit aannemingsrok. MEISIE kyk nie na die KONSTABEL nie.* |
| MEISIE: | *(koponderstebo en skaam)* Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok. |
| | *Die KONSTABEL draai om en kyk na haar.* |
| MEISIE: | Maar dis al 'n bietjie klein. *(Kyk op, skrik)* Maar waar is die konstabel dan? |
| KONSTABEL: | Dit is ek. Ken jy my nie? |
| MEISIE: | Maar jy lyk so ... anders. |
| KONSTABEL: | Dié tyd van die nag lyk ek altyd so. |
| MEISIE: | Altyd? |
| KONSTABEL: | Ja. *(Glimlag)* Altyd. *(Haal sy bril stadig af en kyk na haar)* |
| MEISIE: | En jy kan sien! |
| KONSTABEL: | Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien. |
| MEISIE: | Regtig? |
| KONSTABEL: | Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi. |
| MEISIE: | *(verwonderd)* Is ek? |
| KONSTABEL: | Jy is. |
| MEISIE: | *(verleë)* Jy het mos gesê sonder skoene. |
| KONSTABEL: | Ja. *(Trek die gordyne opsy)* Dis net reg so. *(Maak die venster oop)* |
| | *Sirkusmusiek word gehoor.* |

15.8 Waarom is dit belangrik dat Meisie se aannemingsrok genoem word? (1)

15.9 Herlees die onderstreepte vrae in reël 9–10, reël 14, reël 19 én reël 22.

Is Meisie se vraag in reël 9–10 gepas? Ten spyte van al haar ander vrae glo Meisie alles wat die konstabel vir haar sê. Gee DRIE redes vir Meisie se naïewe goedgelowigheid. (4)

15.10 Watter simboliek lees jy in die konstabel se handelinge in reël 25 en 26? Hoe sluit hierdie simboliek by die tema van die drama aan? (3)

15.11 In hierdie drama verteenwoordig die hoofkarakter alle identiteitlose mense.

Hoekom stem jy met dié stelling saam? Dink jy dat identiteitloosheid 'n aktuele probleem is? Motiveer jou antwoord. (2)

15.12 Herlees reël 27.

Hoe kontrasteer Meisie se milieu met dié van die sirkus? Gee TWEE redes waarom die milieu uiterlike konflik by Meisie veroorsaak. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**2017**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 28 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**NASIENRIGLYNE**

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. *Opstelvraag*
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvraag na te sien.
8. *Kontekstuele vrae*
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

**"Die huis luister" – Daniel Hugo**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleidingsparagraaf aan.

- **Die gesinslede verwyt mekaar/is nooit tevrede nie/hou aan kibbel oor wat anders kon wees**. Dit lei daartoe dat hulle die *hede* (in versreël 4) as *goor* beleef./as 'n deurmekaar, sinnelose, hol werklikheid, sonder sin, (versreël 1 en 2) beleef.
- **Die gesinslede van hierdie huis word deur die aanhoudende onmin/verwyte/ bakleiery beïnvloed,** want volgens versreël 3 het hulle nodig om *mekaar* te *vertroos*./ Versreël 10 maak melding van *jare se trane* wat die vensterrame laat *roes*.
- **Die onmin in die huis beïnvloed die struktuur van die huis/gebou/laat die huis uitmekaar val,** want die huis raak nooit van die onmin/bakleiery ontslae nie: die huis *bewaar* die geheime (versreël 6) sodat daar nooit 'n oplossing kom nie./in strofe 2 val die fokus op die verval wat die huis beleef./Die *fondamente kraak* (versreël 7), die *plafonne raak voos* (versreël 8), die *pleisterwerk bars* (versreël 9) en die vensterrame (versreël 10) *roes*./volgens strofe 3 knal die dak om hulp wat die verval bevestig.
- **Die invloed van die jarelange onmin/die feit dat die huis die *verlede* vir die gesin bewaar,** lei daartoe dat die huis saam met die gesin agteruitgaan, *verweer* (versreël 11)/ sonder enige hoop op uitkoms/oplossing vir die onmin/konflik is, want die gebede en hulpkrete bly *ongehoord* (versreël 14).
- **Die negatiewe situasie in die huis is van so 'n aard dat die inwoners tevergeefs *gebede fluister* (versreël 12 en 13)**, want die gesin is in 'n bose kringloop vasgevang./ die huis *bewaar* die geheime (versreël 6) sodat daar nie 'n oplossing kom nie.
- **Die skade wat deur bakleiende gesinne/onmin in huisgesinne aangerig word, kring wyer uit as die gesinslede en die huis se struktuur**, want die onbepaalde *julle* wat (in versreël 6, 12) aangespreek word, word die mensdom én huise in die algemeen. Die woorde *elke nag* (in versreël 14) dui op die wyer invloed.
- **Die ganse mensdom word uiteindelik deur huisgesinne wat heeldag baklei/stry/ mekaar verwyt/ontevrede is, geraak**, want elke huisgesin is deel van 'n groter gemeenskap; uiteindelik raak konflik die ganse mensdom.
- **Hierdie onmin in huise/gesinne lei tot gemeenskappe/die ganse mensdom se negatiewe beïnvloeding/word 'n bose kringloop/het onbeperkte, verreikende gevolge** omdat *my* (die huis se) *dakplate en julle gebede al hoe harder fluister en knal* sonder om gehoor te word – niemand luister nie. Daar is nie 'n oplossing nie. Die gevolge van die onmin hou dus onbeperk aan./die negatiewe beïnvloeding van die huisgesin, die gebou/huis asook die gemeenskap en die universele mensdom duur voort.

Die kandidaat bied 'n gepaste slotparagraaf aan.

**[10]**

**VRAAG 2 : KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'last grave at dimbaza' " – Fanie Olivier**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Dit is die titel van die Britse dokumentêre rolprent wat oor die sterftes van die kinders in Dimbaza gemaak is. √ | 1 |
| 2.2 | Haar naam dui op skoonheid terwyl die omstandighede waarin sy gebore is, negatief/lelik/ongunstig/armoedig/troosteloos/uitsigloos is. √<br><br>"tien ander gesiggies" √ | 1<br><br>1 |
| 2.3 | Herhaling (van "o my man") √ | 1 |
| 2.4 | Die geboorte van 'n dogtertjie (beteken beeste/lobola in die toekoms)./<br>Die geboorte van die dogtertjie hou (vir die man) finansiële voordeel in. √<br><br>'n Stemming van somberheid/troosteloosheid/uitsigloosheid/droefheid word teenoor haar blydskap gestel. √<br><br>Dit beklemtoon die troostelose/uitsiglose omstandighede./<br>Dit wil die leser voorberei op die moontlikheid dat die kind se kans op oorlewing min is./suggereer die omvang van die ellende. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.5 | Alliterasie/b-alliterasie √ | 1 |
| 2.6 | Ja<br>Kinders word steeds in baie dele van die wêreld in slegte omstandighede gebore./<br>Kinders sterf steeds wêreldwyd weens 'n gebrek aan basiese mediese sorg./<br>Gesinne word steeds ontwrig a.g.v. ouers wat elders werk./<br>Armoede bly steeds in Afrika/wêreldwyd 'n geweldige probleem./<br>Die lobolastelsel is steeds in Afrika in gebruik./word net anders gedoen.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Vroedvroue wat huisgeboortes hanteer, is meestal goed opgelei./<br>Kommunikasieprobleme is tot 'n groot mate iets van die verlede omdat almal deesdae selfone het./<br>Kinderregte/Die behoeftes van kinders geniet aandag./is 'n prioriteit vir die meeste owerhede./<br>Lobola is deesdae besig om in onbruik te verval. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke motiverings binne konteks van die gedig vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3 : KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Safari" – DJ Opperman**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Ekspedisie om na diere te gaan kyk/(ontdekkings)reis/trekgeselskap op jag √ | 1 |
| 3.2 | "Niks" √ | 1 |
| 3.3 | Beweging/Verganklikheid √<br><br>Dit dui op die onstuitbaarheid van die lewensreis/onafwendbare beweging/ voortgang op pad na die dood/graf. √ | 1<br><br>1 |
| 3.4 | Goeie dinge in die lewe/Die positiewe ervarings wat 'n mens opdoen./Die mooi wat met jou gebeur./hoogtepunte in jou lewe. √ | 1 |
| 3.5 | Eufemisme/Litotes/Versagting √<br><br>Die eufemisme/litotes dui op die nietigheid van die mens se lewe./<br>Die eufemisme versag die hardheid/werklikheid van die dood. √ | 1<br><br>1 |
| 3.6 | Die onderwerp van die gedig/inhoud handel oor die dood./die mens se reis na die dood./handel oor 'n ernstige saak. √ | 1 |
| 3.7 | Ek besef nou dat my lewe ook in die gaatjie in die grond/dood gaan eindig./<br>Die lewe bied talle uitdagings./voorspoed./oorvloed./geleenthede./<br>Ek weet ek begin en eindig met niks./<br>Ek weet dat daar hoogte- en laagtepunte op my lewenspad gaan wees. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Kwatryne" – Ina Rousseau**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Paarrym √ | 1 |
| 4.2 | Metafoor √<br>Dit dui op eerbied./verwys na God. √ | 1<br>1 |
| 4.3 | Die spreker moes baie moeite √ en geduld √ aan die dag gelê het.<br>*Indien die kandidaat 'n aanhaling as antwoord aanbied, mag slegs versreël 4 van kwatryn 11 aangehaal word.*<br>"betaal" √ | 2<br><br>1 |
| 4.4 | Daar is niemand beskikbaar om jou aan die (lewens-)reëls te herinner nie.<br>In krisistye is daar niemand om jou te help nie./is jy op jouself aangewese. √<br>*Die kandidaat bied 'n eie, soortgelyke antwoord aan.*<br>**EN**<br>Ja<br>Die lewe bestaan vir my uit 'n doolhof sonder leiding./<br>Dit sal vir my goed wees indien daar soms iemand beskikbaar is wat namens my keuses kan maak./my aan die regte goed kan herinner.<br>**OF**<br>Nee<br>Ek leef binne bepaalde reëls en grense./Die lewe is vir my 'n baie ernstige saak./In my lewe is daar altyd iemand beskikbaar om leiding te gee. √ | <br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.5 | Die enjambement verdoesel/verberg die rym./<br>Dit dra by tot die vloeiendheid van die kwatryn./<br>Die gedigtempo word deur die enjambement versnel./<br>Dit versterk die gedagte van die lewe./die retoriese vraag./die laaste versreël. √ | 1 |
| 4.6 | Ja<br>Ek wil graag belangrik in die lewe voel./'n held in my eie lewensverhaal wees./ iets vir iemand in die lewe beteken./<br>Soms is ek die held en ander kere ondersteun ek ander deur die figurant in hul lewe te wees.<br>**OF**<br>Nee<br>Ek maak nie gedigte op my lewe van toepassing nie./Ek leef my lewe sonder om ander mense in ag te neem. √<br>*Die kandidaat bied 'n eie, soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ONBEKENDE GEDIG**

**"Hemel" – Lina Spies**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die eienaar van die kat/'n Onbekende spreker/'n Huisbewoner √ | 1 |
| 5.2 | Vergelyking √<br><br>Die vergelyking gee 'n duidelike prentjie van die kat se oë./sluit by die blombeeld van versreël 1 aan./versterk die idee dat die kat mooi is./mooi oë het./sluit aan by die verkleiningsvorm in die res van die strofe.<br>Die verkleiningsvorm (botterblommetjies) in die vergelyking versterk die gevoel van liefde wat die spreker vir sy/haar kat het. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Die verkleinwoorde suggereer liefde/vertedering/omgee vir die kat (wat die stemming/vrede/rustigheid ondersteun). √ | 1 |
| 5.4 | Dui die teenstelling/kontras/wending (tussen strofes 1 en 2) aan/tussen die vrede en angs aan. √<br><br>"angs" √ | 1<br><br>1 |
| 5.5 | Alliterasie (van die w)/(aa-)assonansie √ | 1 |
| 5.6 | Die hemel √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die spreker wil nie weggaan/doodgaan nie./nie die hemelse vrede ervaar nie./<br>Die spreker wil langer op die aarde by die kat bly./<br>Die spreker verkies die kat met sy natuurlike instinkte/optredes bo die veranderde/vredeliewende/onnatuurlike kat vol hemelse vrede.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dis nie oortuigend om geweld/wreedheid bo vrede/veiligheid te verkies nie./<br>Die gebruik om botter aan voete te smeer om jou/iets teen wegloop/die dood te vrywaar, is 'n bygeloof/snert. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes binne konteks aan vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: OPSTELVRAAG

***Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Die Engel is Iris se beskermengel**, want hy maak seker sy is veilig./Bv. bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis en ek het rats eenkant toe gespring voor 'n jong seun op 'n skaatsbord my middeldeur kloof.*
- **Die Engel se geselskap openbaar Iris se karakter**, want sy verkies dit om eerder met hóm as met ander mense oor haar gedagtes en die lewe te praat./Bv. bl. 136: *Ek het my voorgeneem om buite te gaan stap sodat ek privaat met die Engel kon gesels.*
- **Die Engel tree as raadgewer vir Iris op** wanneer sy haar in moeilike situasies bevind./Bv. bl. 208: *"Jy moenie die man so treiter nie," het die Engel vir my gesê toe ek later my trourok uittrek en ordentlik warm kon aantrek.*
- **Die Engel verskyn in Iris se ryk verbeeldingswêreld** omdat sy ontvanklik vir die suggestie van 'n Engel is./Bv. bl. 184: *"Met wie is jy nou besig?" het die Engel gevra.*
- **Die Engel bied aan Iris die moontlikheid om van haar verbeeldingsvlugte te vergeet**, want vir haar is die Engel werklik./Bv. bl. 110: *Met die Engel ook by, is Greta en haar geliefde tersyde gestoot; het my verbeeldingsvlugte oorbevolk geword."*
- **Die Engel is op die belangrikste oomblikke van Iris se lewe teenwoordig**, wat daarop dui dat hy haar belangrik ag./daar wil wees as sy die mooi in die lewe ervaar./haar lewe beïnvloed./Bv. bl. 208: *Tydens die onthaal het ek opgekyk na die kerksaal se vensters waardeur die winterson weldadig geskyn het en agter 'n groot rangskikking bestaande uit buiteseisoenlike blomme, het ek die Engel sien staan.*
- **Die Engel bied waarskuwings aan Iris as sy in gevaar verkeer**, want hy besef sy is impulsief./Bv. bl. 99: *"Moenie alle mense wantrou nie," het die Engel grimmig in my oor gefluister.*
- **Die Engel verskyn aan Iris sonder waarskuwing op 'n toneel om haar met raad by te staan**, want hy beskou dit as sy plig om in alle omstandighede as ondersteuning beskikbaar te wees./Bv. bl. 162*: "Kom," het die Engel gesê. "Kom."*
- **Die Engel dwing haar om haar eie take uit te voer/dans nie altyd na Iris se pype nie**, want hy is beslis nie daar om Iris se take uit te voer nie./Bv. bl. 217: *"Ek is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie," het hy kalm gesê.*
- **Die Engel sê vir Iris hoe om in sekere situasies op te tree**, want hy het 'n beter begrip vir ander se gevoelens./Bv. bl. 121: *"Hy's moeg," het die Engel skielik agter my gesê.*
- **Die Engel bied sy raad aan Iris aan**, maar as sy nie wil luister nie, moet sy haar eie kop stamp./Bv. bl. 131: *"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê. Ek was sommer ergerlik. "Ag, bly stil."*
- **Die Engel gee deur die jare aan Iris seksvoorligting**, want hy raak deurentyd baie meer byderwets omtrent seks./Bv. bl. 178: *"En jy's 'n vreeslik byderwetse engel," het ek gesê. "Het jy ook só met Ouma gepraat?"*

- **Die Engel kritiseer Iris se gesprekke/lewer kommentaar op Iris se doen en late**, want hy dink nie sy tree altyd behoorlik op nie./Bv. bl. 133: *"Sien jy?" het die Engel gesê. "Jou dom aap."*/Bv. bl. 101: *"Sies," het die Engel in my oor gesis.*
- **Die Engel bied aan Iris gemoedsrus,** want hy sal haar altyd keer om te ver te gaan./hy is getrou in sy pogings om haar op te pas./Bv. bl. 104*: "Dis dié dat ek seker nie so versigtig is soos ek behoort te wees nie. Ek reken die Engel sal my pootjie of so iets as ek te ver gaan."*
- **Iris bly baie lief vir die Engel**, al maak hy haar deur die loop van die roman kwaad./Bv. bl. 218: *"Jy's 'n engel," het ek gesê en vir hom gewaai.*
- **Die Engel is in krisistye by Iris**, want hy ondersteun./gee raad./Bv. bl. 218: *"Gaan terug hospitaal toe en gaan sit by Peter. Hou sy hand vas in plaas van om so liederlik jammer vir jouself te voel."*
- **Die Engel as newekarakter bring Iris tot nuwe insigte omtrent die lewe**, want hy wil vir haar lewenslesse tuisbring./Bv. bl. 187: *"Tja," het die Engel gesug. "Die lewe is nie 'n storieboek nie."*
- **Iris projekteer haar ontevredenheid met haarself teenoor die Engel**, want hy is in 'n mate haar gewete./Bv. bl. 217: *"Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. Jy moet herroep word vir indiensopleiding. Jy is die naam beskermengel nie werd nie."*
- **Die Engel bly altyd deel van Iris se lewe**, al is sy later 'n getroude vrou./Bv. bl. 210: *Die Engel het nie inbreuk gemaak op ons lewe nie. Ek het hom nooit meer saans op die vensterbank gesien sit nie, maar laatmiddae, voor Peter by die huis gekom het, het hy dikwels by my in die kombuis gestaan en gesels.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot. **[25]**

**VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | In 'n hospitaal in Vermont √ | 1 |
| 7.2 | Verbeeldingrykheid √ | 1 |
| 7.3 | Billy/Taxibestuurder √<br><br>Nee<br>Iris oortuig vir Billy dat sy susters se name wel beskrywend van hulle is.<br>Sy sê die Engel stem nie met haar saam nie./sê 'n naam is net 'n naam. √<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy sê dit vir die Engel (in die hospitaal in Vermont). | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.4 | Die lewe is nooit volmaak nie – dis altyd net kwart voor sewe./kwart voor die volmaakte./<br>Die mens hunker na ŉ groot oomblik in sy lewe terwyl elke oomblik eintlik 'n blomoomblik is. √<br><br>Aan die begin van die roman is Iris so behep met haar groot blomoomblik dat sy oordeelsfoute begaan./nie haar volle potensiaal uitleef nie./geleenthede mis. √<br><br>Iris kom aan die einde van die roman tot die insig dat die hier en die nou belangriker is as een groot blomoomblik./dat ŉ voorspelbare voorstedelike bestaan net so magies soos die grootste fantasie kan wees./dat die lewe nooit volmaak is nie. √ | <br><br><br>1<br><br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.5 | Iris/Die hoofkarakter √<br><br>Die verteller/eerste persoon kan haar gevoelens omtrent haar blomoomblik die beste verwoord./Dit maak die vertelling geloofwaardig. √ | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Die Engel tree as beskermengel/vertroueling/versorger vir Iris op./Die Engel hou haar geselskap./bring haar tot nuwe insigte. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde uit die roman aan waar die Engel as beskermengel/vertroueling optree/haar geselskap hou/haar tot nuwe insigte lei, wat by die eerste deel van die antwoord pas, bv.*<br><br>Die Engel beskerm Iris toe die skaatsplankryer haar amper-amper in Amerika omry./luister na Iris se stories oor die ander karakters./die lewe./Die Engel sê vir Iris dat die lewe nie 'n storieboek is nie. √√ | 2<br><br>2 |
| 7.7 | Iris se been moes weer gebreek/gespalk word./In Vermont is haar been nie korrek behandel nie, wat nou reggestel moet word. √ | 1 |
| 7.8 | Iris en Peter kommunikeer vaag/met poskaarte.<br>Iris ken Peter nie goed toe sy Amerika toe is nie.<br>Frederik dink hy kan Iris sommer per kabelgram vra om te trou.<br>Iris en Frederik het dikwels saam oor vreemde dinge gespekuleer.<br>Frederik het gedink hulle oppervlakkige verhouding kan tot romanse lei. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE redes aan vir EEN punt elk, maar daar moet ten minste EEN rede per karakter aangebied word.* | 3 |
| 7.9 | Bettie het voorgegee dat sy gif gedrink het./Bettie kan dalk weer (probeer) voorgee om selfmoord te pleeg./gif te drink./Bettie is nie heeltemal gelukkig in haar verhouding met Brian en sy kinders nie./Bettie het onopgeloste vrae/kwessies wat haar weerloos maak. √<br><br>Nee<br>Peter sou nie daarvan gehou het nie, want hy keur nie die Engel se invloed op Iris se lewe goed nie.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Peter sou dit aanvaar het, want hy verdra die Engel se teenwoordigheid in Iris se lewe. √ | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Elsa was 'n feminis/wou nie kinders gehad het nie./wou net een kind hê./het onbeplan/onvoorsien swanger geraak./was hiperperfek, maar later het sy kinders./haar huis is deurmekaar. √<br><br>Kara wou nooit kinders gehad het nie,/het gesê sy is nie 'n broeikas nie, maar later het sy en Claude saam 'n kind gehad. √ | 1<br><br>1 |
| 7.11 | Johanna is gewoonlik baie uitgesproke./deel graag haar menings. √<br><br>Johanna het vir Iris gesê dat sy vir hulle daagliks blom.<br>Johanna wag saam met Iris op die blomoomblik in hul tuin. √√ | 1<br><br>2 |
| 7.12 | In beide tekste is Iris effens negatief jeens die Engel./geïrriteerd/vies. √ | 1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 8: OPSTELVRAAG**

**M*anaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Ouma Essie dwing oral respek af vanweë haar uitgesproke getuienis as Christen**, want sy het selfs op Riekert, die diamantsmokkelaar, 'n invloed./Bv. bl. 133: "*As daar nou een swarte is wat reguit hemel toe sal gaan, is dit sy.*"
- **Ouma Essie se integriteit en vreeslose vashou aan wat reg is, maak dat mense haar gehoorsaam**, want sy oortuig mnr. Kebbey om Baas gratis na die hospitaal te vervoer./ oortuig selfs vir Baas om die sendelinge te help om 'n blyplek by die kerk in te rig./Bv. bl. 47: "*Toe! Loop nou na jou huis toe en gaan haal die sleutels.*"/Bl. 118: *Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry."*/Bl. 118: *"Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees."*
- **Ouma Essie glo dat 'n Christen aan sy dade geken word**, daarom verskaf sy huisvesting aan 'n wildvreemde man wie se voertuig gebreek het./daarom kan sy met oortuiging praat van Baas as Christen op grond van sy dade./ Bv. bl. 74: "*Daar het al op 'n tyd 'n wit mens by ons geslaap. Hy het 'n week daar gebly.*"/Bl. 74: *"Daar is ook plek in my huis, muluti. Tibelelo se hut staan leeg.*"/Bl. 43: *"Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen."*
- **Ouma Essie stel deurgaans die voorbeeld van wat reg/goed/aanvaarbaar/korrek is,** want sy duld nie dat die khuta Grace inloop nie./vir Baas finansieel uitroei nie./volhard met verkeerde gebruike nie./ Bv. bl. bl. 165: "*Die mens met wie daar gepraat moet word oor die salaris van die sendelinge se tolk, is nie Tibelelo nie*."/ Bl. 167: *"..., dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering nie meer met 'n gebed oopgemaak word ...*"/Bl. 166: "*En het iemand al gevra hoekom is daar hier rond nou skielik mense met die kerk se sinkplate op hulle huise se dakke?*"/Bl. 170: *"Daarom is dit 'n goeie ding dat julle die man wat wit is, weggejaag het met julle gierigheid."*/Bl. 170: *"Ek sal aanhou praat in die taal wat hierdie vrou wat wit is, kan verstaan, want wat julle oor die man wat wit is, besluit, is ook julle besluit oor die sendelinge."*
- **Ouma Essie gee betekenis aan die teenwoordigheid van die sendelinge**, want sy sorg vir die sendelinge as sy die werk aan die sendingstasie organiseer en vir almal take gee./ Bv. bl. 118: "*Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry*."/Bl. 119: *"Die meubels wat nog op die lorrie is, kan nou by die kerk afgelaai word."*
- **Sy staan op vir die Here/staan by haar Christelike beginsels/skroom nie om mense wat die pad byster raak, aan te spreek nie** omdat sy die khuta oor hul afdwaling van die godsdiens berispe./sy die khuta aanval omdat hulle die kerk se eiendom steel./Bv. bl. 167: *"..., dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom die vergadering nie meer met 'n gebed oopgemaak word ...*"/Bl. 166: "*En het iemand al gevra hoekom is daar hier rond nou skielik mense met die kerk se sinkplate op hulle huise se dakke?*"
- **Ouma Essie bewaar die geloof op Manaka** omdat sy 'n oortuigde Christen is./glo sy moet haar oorlede man se werk voortsit./glo dat elke ding met 'n doel gebeur./dit deur God so beskik word./ Bv. bl. 71: "*Die bril en die kierie en die Woord. En die skape wat die Here my gegee het om op te pas*."/Bl. 77: *"Jy wat uit 'n geslag kom van mense wat in die Here glo! Het jy gedink Satang los jou sommerso as jy eers jou hand vir hom gegee het?"*/Bl. 116: "*Die*

*enigste pa en ma wat ek ooit geken het, was wit mense. Dit was eerwaarde Phil Kruger en mevrou Bessie.*"/Bl. 210: *In Whitey se Bybel lees hy die tekste wat ouma Essie vir hom gegee het toe sy hom kom roep het ...* /Bl. 203: *"Dis nie ons wat jou pla nie ... Dit is die Here, jongman," sê sy ...*

- **Ouma Essie is die Profeet van die Bybel wat haar beywer vir die uitbreiding van geloof op Manaka,** want die Induna is dood./Bv. bl. 71 "*Die bril en die kierie en die Woord. En die skape wat die Here my gegee het om op te pas.*"/Bl. 71*:* "*Dis 'n Woord wat lyk of hy al deur diep waters gegaan het, ouma Essie."*
- **Ouma Essie aanvaar die verantwoordelikheid vir die voortsetting/uitbreiding van geloof op Manaka/herstel van die sendingstasie,** want sy is 'n oortuigde Christen vanweë haar kinderjare by eerwaarde Phil Kruger-hulle./haar studie en opleiding./Bv. bl. 70*: "Julle kan maar huil," sê sy. "Ek het ook gehuil oor ons kerk."*/Bl. 116: *"..., het hulle dit reggekry om my by die Bybelkollege op Witsieshoek in te skryf. Ek was die eerste swart meisie wat ooit daar toegelaat is."*
- **Ouma Essie begin met die herstelwerk van die sendingstasie** omdat sy God se woord wil versprei./want die herstel van die sendingstasie is vir haar 'n prioriteit./want sy glo dat Baas met 'n doel na Manaka gestuur is./Bv. bl. 43: *"My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem. Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen.*"/Bl. 105: *"Dit is om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het."*/Bl.118: "*Tot daar weer* 'n *kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees ..."*/Bl. 112: *"Daar was altyd bankies onder die worsboom*."
- **Op Manaka voer ouma Essie, as Christen, die stryd teen die bose/die ongeloof/die tradisionele bygeloof/die plaaslike bevolking se geloof in die toordokter,** want sy verdryf meneer Chisupo./sy berispe mnr. Kebbey wat aan Chisupo onderdanig is./Bv. bl. 77: *"Jy wat uit 'n geslag kom van mense wat in die Here glo! Het jy gedink Satang los jou sommerso as jy eers jou hand vir hom gegee het? Het jou gierigheid jou nou al so ver gevat dat jy vir 'n mal man bang moet wees?*"/Bl. 148: *Sy klap sy hand weg en wys vir hom ook vinger*./Bl. 149: *"Hy is nie van die Here nie. Hy hoort nie hier nie*."
- **Ouma Essie se onwrikbare geloof in Baas as 'n gestuurde/geestelike leier ontketen by Baas (die hoofkarakter) innerlike konflik oor wat Christenskap se aard en wese is,** want sy skroom nie om vir Baas te sê dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is nie./Bv. bl. 202: *"Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman."*/Bl. 203: "*Dis nie ons wat jou pla nie. Ke Modimo, leogana. Dit is die Here, jongman."*/Bl. 203: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê.*
  **Ouma Essie tree as tussenganger tussen Baas en die sendelinge/die khuta op** omdat die uitdra van die Woord op Manaka vir haar lewensbelangrik is./want sy glo dat Baas na Manaka gestuur is om die sendingwerk voort te sit./Bv. bl. 170: "*Sonder meneer Baas sal hulle nie in Barotseland kan bly nie." /B*l. 118: "*En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?"*
- **Ouma Essie help die hoofkarakter in sy soeke na antwoorde m.b.t. sy godsdiensstryd,** want sy verskaf die antwoorde./wys hom op bepaalde plekke in die Bybel wat hy moet lees./sien sy innerlike worsteling raak en tree met liefde en empatie op om hom te help./Bv. bl. 202: *"Jou reg om 'n Christen te wees, maak van jou 'n Christen. Weet jy dit dan nie?"*/Bl. 202: *"Jy kan mos lees. Romeine 10 vers 20."/*Bl. 202: *"Het jy 'n Bybel?"*
- **Ouma Essie glo in die toekoms van Manaka onder Baas se geestelike sorg/weet dat Baas gaan aanbly as die nuwe geestelike leier,** want sy bring vir hom 'n nuwe hondjie nadat sy hond dood is./weet dat hy op Manaka gaan bly./Bv. bl. 234: *"Die duiwel het sy eie vuur gemaak," sê ouma Essie vir die kruis op die graf. "Ons sal sy as saam met die as van die brand met 'n besem van skoon takke wegvee voor ons weer begin bou."*/Bl. 239: *"Dit is 'n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het," sê Grace ...*

- **By haar siekbed gee Ouma Essie aan Baas die geleentheid om sy geestelike groei ten toon te stel/sy keuse vir 'n lewe in die voetspore van sy oupagrootjie met die daad te bewys,** want by haar siekbed bid hy in die openbaar./neem hy die rol van die geestelike leier in./suggereer hy dat die kerk se herstel deur hom gedoen gaan word./Bv. bl. 243: *"Dankie, Here. Amen." sê Baas.*/Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot. **[ 25]**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

### Manaka Plek van die Horings – Pieter Pieterse

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Hulle voel baie onwelkom op Manaka./Baas maak dit duidelik dat hy hulle nie daar wil hê nie./<br>Baas en Grace het 'n woordewisseling./uiterlike konflik./<br>Baas struikel oor die hoop hout en kan nie self opstaan nie./maar weier dat hulle hom help. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE van die antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 9.2 | Baas doen van nature goed aan ander mense./tree van nature met respek teenoor ander op./is inherent 'n Christen. √ | 1 |
| 9.3 | Ja<br>Sy is 'n oortuigde Christen./leef haar Christelike godsdiens uit./<br>Haar dade bevestig haar geloof./bewys dat sy omgee vir ander in nood./is 'n bewys dat sy volgens die Ubuntu-beginsel van naastediens leef. √<br><br>**EN**<br><br>Grace moet 'n ekstra inkomste genereer omdat daar groot armoede en ellende heers./daar baie mense is wat honger ly./sy 'n opgeleide verpleegster is wat 'n bydrae kan lewer./geld kan verdien. √ | 1<br><br>1 |
| 9.4 | Baas is geweldig ontsteld oor haar versoek m.b.t. 'n werk./wil haar nie help nie. √<br><br>Hy wil nie die sendelinge op Manaka hê nie. √<br><br>**EN**<br><br>Baas weet dat Grace eintlik die waarheid praat./Hy is nog baie siek a.g.v. die malaria./die nagevolge van die hospitaalbehandeling/medikasie./het nie krag vir baklei nie./<br>Haar verwysing na die man wat Manaka begin het, prikkel sy nuuskierigheid./<br>Hy wil nie weer 'n gedoente maak sodat Nanna en oom Scholtzie naderkom nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.5 | Ja<br>Sy help hom in sy siek toestand om regop te kom./sy maak vir hom 'n belt/lyf-band/gordel sodat sy broek nie afval nie./sy neem die goed wat vir hom belangrik/waardevol is (soos die foto) in ag. √ | 1 |
| 9.6 | Die lyfband wat ouma Essie vir hom gebring het./muluti Joseph se lyfband √ | 1 |
| 9.7 | Dis sy oupagrootjie./Hy is die *ou man*/*sendeling* se agterkleinseun. √<br><br>Hy wil graag soos dit die *ou man* se droom was, 'n boot op die Zambezi kry (om toeriste te vervoer), maar hy het nie meer geld om dit te doen nie./hy moes al sy geld op welsynswerk uitgee. √<br>Hy bevind hom op die *sendeling* se sendingstasie, maar hy wil niks met godsdiens/Christenskap te make hê nie./ontken dat hy 'n Christen is./wil nie eers die sendelinge daar ontvang nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.8 | Grace √ | 1 |
| 9.9 | Innerlike konflik √<br><br>Baas het oorgegee./die weddenskap verloor om die skoenlapper te vang. √ | 1<br><br>1 |
| 9.10 | Die verteller is objektief in sy beskrywing van Baas se gelate aanvaarding van die einde van sy droom. √<br><br>Die verteller dra inligting oor/beskryf wat op verskillende plekke gebeur (onder die Land Rover sowel as in die hoofpad)./is gelyktydig op verskillende plekke teenwoordig. √ | 1<br><br>1 |
| 9.11 | Chisupo √<br><br>Whitey kom haal vir Sitali om die boot te gaan soek./laat Sitali in 'n boom klim om te kyk waar die boot is. √<br><br>Ja<br>Whitey het kort voor hierdie gebeure agtergekom dat hy en Baas agterkleinneefs is./dieselfde oupagrootjie het./familie is./<br>Omgee vir ander loop in die Chipmans se bloed en dis wat Whitey hier bewys. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.12 | Hy skryf sy naam in die boomstam onder sy oupagrootjie se naam./herstel die bankies./sendingstasie. √<br><br>Hy kap Morena se kop/horings teen die naambord vas. √<br><br>*Die kandidaat gee sy/haar eie motivering vir enige een van die karakters wat hy/sy kies, bv.*<br><br>Grace √<br><br>Nadat Baas besluit het om weg te gaan/hy (vir sy oupagrootjie) gesê het: "Jy wen, Baas Dennis," sê Grace vir hom die ou man sê R5 is te min vir sy drome./<br>Grace beïnvloed hom om te bly./herinner hom aan sy drome om in sy oupagrootjie se voetspore te volg. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: OPSTELVRAAG**

***Vatmaar* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- Daar is beweringe dat die naam *Vatmaar* van Ta Vuurmaak afkomstig is, **want hy is een van die eerste mense wat gewoon het in wat later Vatmaar sou wees.**/Bv. bl. 5: *Party mense het gesê Vatmaar het sy naam by Ta Vuurmaak gekry.*
- **Ta Vuurmaak steek die buit van die plase weg in die watertenk op die sylyn.** Hierdie buit is later in Vatmaar gebruik./Bv. bl. 9: *Chai het gesê dis vatmaar-goed.*
- Ta Vuurmaak skep vir die mense werk **en gee so menswaardigheid aan Vatmaar se mense.**/Bv. bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. Vir elke drie wat gemaak is, was twee die maker s'n en een myne.*
- **Ta Vuurmaak sorg dat die Griekwa-kinders kontak hou met hul kultuur,** want hy vertel hulle stories uit die verlede/van Heitsi Eibib./Bv. bl. 83: *Daar was Griekwa-kinders wat Sus Bet wou hê die stories van hulle se afkoms moes hoor en onthou.*
- **Ta Vuurmaak is die een met die meeste kennis** van die rol wat die oorlog in die nedersetting gespeel het wat hy aan die kinders van Vatmaar oordra./Bv. bl. 7: *Vertel ons nog, Ta, het ons hom aangespoor.*
- **Ta Vuurmaak ken die geskiedenis** van die ontstaan van Vatmaar die beste, hy word as die bewaarder van Vatmaar se geskiedenis beskou./Bv. bl. 20: *Ta Vuurmaak vertel hoe alles begin het.*
- **Die Griekwa-beginsel om met jou broer te deel word deur Ta Vuurmaak voorgeleef** en hy leer dit ook aan die jong seuns wat hom besoek./Bv. bl. 85: *In die lewe, in die lewe is een van die grootste deugde om te deel. Deel met jou broer wat 'n behoefte het. Dit sal vermenigvuldig terugkom.*
- **Ta Vuurmaak leer die seuns omtrent die kompleksiteit van die natuur,** want hy glo dat jy respek teenoor die natuur moet betoon./Bv. bl. 88: *Ta Vuurmaak het ontsag gehad vir die Son en Maan en hy het sy stem laat sak as hy oor hulle praat.*
- **Oom Chai proklameer die nedersetting met George Lewis se hulp,** want hy wil 'n soortgelyke nedersetting as die Engelse settlement vestig./Bv. bl. 21: *Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien. Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê …*
- **Oom Chai verskaf 'n heenkome vir talle uitgewekenes**, wat by die vatmaar-gedagte aansluit, die nedersetting begin met vatmaar-goed. /Bv. bl. 22: *In die winter was Chai en sy George se eenkamer-huise so lat hulle kon intrek.*
- **Oom Chai onderhandel namens die mense van Vatmaar** met die dorpsraad van Du Toitspan sodat 'n plek waar die nedersetting gevestig kan word, toegeken word./Bv. bl. 21: *Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê, …*
- **Oom Chai onderhandel met die predikant van Du Toitspan**. Hy sorg dus dat die nedersetting hul eie kerkgebou kon kry, die Sendingkerk./Bv. bl. 27: … *almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry.*
- **Oom Chai is een van die ouderlinge in die kerk** wat ook daarvoor verantwoordelik is om dienste in die kerk te hou./Bv. bl. 41: … *het altyd die eerste drie Sondae van die maand gepreek, en oom Chai die laaste een.*

- **Oom Chai bring Vatmaar se mense met ouderling Hans du Plooy in aanraking, wat die Woord aan hulle bedien**. Dit het hulle saamgebring en hulle het die seën daarvan ervaar./Bv. bl. 35: *Charlie, sê die domanie, jy en oom Hans sal saamwerk en by die volgende kerkraadsvergadering sal ons jou naam aanteken as ouderling van die Sendingkerk Vatmaar.*
- **Oom Chai sorg dat alles in die skool vlot verloop**, want hy probeer 'n skryfbord in die hande kry toe hy sien dat die skool een benodig./Bv. bl. 100: *Oom Chai het die beste swartbord en staander gevat en 'n klompie afvalstukkies bordkryt gevra vir ons kinders om op die swartbord mee te kan skryf.*
- Vir **Oom Chai** is die oprigting van 'n kerk baie belangrik, want hy **wil die kinders laat doop**. Dus sorg hy dat die gemeenskap die Woord van God bekom/vir die stigting van die skool dat almal kan leer lees./Bv. bl. 25: *Domanie, sê Oom Chai, ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.*
- **Oom Chai is 'n natuurlike leier.** Daar is gesê: "Om oor iemand te wees was iets wat altyd na hom toe aangekom het sonder dat hy daarvoor gesoek het."/Bv. bl. 28: *Vyf, jy wat Chai is, sal die ouderling van die kerk wees.*
- **As nie-amptelike burgemeester** neem hy belangrike besoekers in Vatmaar rond./Bv. bl. 97: *Oom Chai is vooraf vertel van hulle koms. … Oom Chai het die kerk vir hulle oopgesluit, …*
- **Oom Chai het 'n groot invloed in die nedersetting**. Hy kon die onderwyseres, Teacher Elsa, aanbeveel en sy is aangestel omdat sy van Vatmaar kom./Bv. bl. 98: *En: Miss. E. Lewis will be on the payroll of the Du Toitspan Town Council.*
- **Oom Chai is die sedebewaker van Vatmaar** wat vir Teacher Elsa aansê het om haar gesig te was en dat sy bly kan wees hy was daar toe die Rooinek verspot begin raak het omdat bruin vroumense nooit nee vir 'n wit man kan sê nie./Bv. bl. 100: *Was daai gemors af. Dan kan jy weer aangaan.* Lóóp! *Was daai gemors af en gee skool.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

**VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Vatmaar* – AHM Scholtz**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 11.1 | Vatmaar √ | 1 |
| 11.2 | Ja<br>Dit maak die vertelling/beskrywing geloofwaardig./<br>Die verteller kan uit eie ervaring inligting oor die plek en gebruike beter as 'n buitestander gee./ken al die gebruike en tradisies. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>'n Buitestander kan navorsing doen/ingelig word en die inligting net so oortuigend aanbied. | 1 |
| 11.3 | Khadie/sjerrie is gedrink wat op die grond uitgespoeg is./<br>Soms is daar gebid./<br>Op hoekbakens is daar geürineer. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.4 | Tant Wonnie is op vernederende wyse na die polisieselle gebring (nadat sy van diefstal beskuldig is). √<br><br>Kaaitjie is dood na haar ontberinge in die tronk. √<br><br>Die landdros het die (weduwee-) oorlogspensioen van haar man aan Tant Wonnie toegestaan. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.5.1 | Innerlike konflik √ | 1 |
| 11.5.2 | Oom Chai hou nie van dans nie, maar word een van die voorbokke om by Bettie by te hou./tree soos 'n "blerrie fool" op./<br>Oom Chai dink dat hy eerder vir Bettie by sy outydse manier van lewe moes laat inval as om (ter wille van Bettie) modern te probeer wees./<br>Oom Chai is jaloers op Bettie/hou nie daarvan dat sy met ander mans dans nie, net hy mag met haar dans. √<br><br>Oom Chai breek die grammofoon./jaag vir Boitjie Afrika weg. √ | 1<br><br>1 |
| 11.6 | Tant Wonnie moet wasgoed vir ander mense was om 'n inkomste te verdien.<br>Tant Wonnie ontvang nie 'n pensioen van haar man nie; hulle het daarom nie geld nie.<br>Sy moet haar huis/erf verkoop en in 'n enkelkamer op haar eie erf woon. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE gepaste redes uit die roman aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 11.7 | Hy is oneerlik./skelm. √ | 1 |
| 11.8 | Nee<br>Hy glimlag by die gedagte dat hy die hof uitoorlê het./is trots daarop dat hy met diefstal weggekom het./dink nog steeds daaraan om skape te steel. √<br><br>*"Ja" kan nie as korrek aanvaar word nie.* | 1 |
| 11.9 | Bennie O'Grady kan vleis nie weerstaan nie. √<br><br>Nee<br>Chan Look probeer die inwoners deur fa-fee help./Fa-fee is tot voordeel van die mense van Vatmaar./Hy dwing nie die mense om te speel nie, hulle neem vrywillig deel. √ | 1<br><br>1 |
| 11.10 | Bennie O'Grady is die kleinkind van Anna Swartz en een van Adam Kok se mense./was 'n halfbloed. √<br><br>Chan Look is die kind van 'n gemengde egpaar, Harry Look en Lisa. √<br><br>Ouma Ruth is met 'n Engelsman, Lance-Corporal Lewis, getroud. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.11 | Chan Look aanvaar sy skuld./is eerbaar.<br>Chan Look beskou fa-fee nie as 'n misdaad nie, maar eerder 'n diens aan die inwoners van Vatmaar.<br>Hy is nie bang om fa-fee te speel nie, al is dit onwettig.<br>Chan Look is 'n Suid-Afrikaner wat nie weggestuur kan word nie./terug na China gestuur kan word nie.<br>Chan Look beskik oor die geld om sy boete te betaal. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER soortgelyke redes aan vir EEN punt elk.* | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.12 | Nee<br>Bennie O'Grady weet dat hy steel.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Bennie O'Grady beskou dit nie as steel as hy die waarheid voor God praat nie. √<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Oom Flip wil diamante op Sus Bet se versoek steel. √<br><br>*"Ja" kan nie by oom Flip se antwoord aanvaar word nie.* | <br><br><br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 12: OPSTELVRAAG

***Krismis van Map Jacobs*** **– Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Cavernelis wys op die uitgelewerdheid van 'n gemeenskap en die omstandighede waarin hulle leef** wanneer hy sy fiets vasketting om te verhoed dat dit gesteel word./Bv. bl. 1: *Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk.*
- **Cavernelis vorm 'n belangrike deel van die eksposisie van die drama,** want die kyker/ leser maak reeds in die openingstoneel kennis met die obsessie van die Cavernelisse om weg te kom uit die gemeenskap./Bv. bl. 3: *"… Dis hoekom ek vir jou sê ons moet uit hier …"*
- **Deur Cavernelis se handeling is dit duidelik dat hy hard werk om sy droom van 'n beter toekoms te verwesenlik** deur bedags by die "polony factory" te werk en saans en naweke onderklere te smous./Bv. bl. 11: *"Onthou Ma nog vir Uncle Cavernelis moet sy suitcase moet die soft goods ... die overtime-werk om ekstra te verdien, geld, geld, geld ... vir 'n plot grond en 'n huis in Grassy Park, of even in Belhar, weg van die township af ..."*
- **Cavernelis se kontak met die ander newekarakters bevestig dat hy anders as die ander inwoners is**, want Cyril beskuldig hom daarvan dat hy op hulle neersien./Bv. bl. 18: *"Cavernelis is mos 'n cut above onse township-robbiese! ... Mos nie working class soes ons nie!"*

- **Cavernelis se handelinge beklemtoon die tema van die mense se uitgelewerdheid aan die omstandighede waarin hulle leef** wanneer hy sy eie dogter op immorele wyse gebruik om geld te maak om uit die township te ontsnap./Bv. bl. 22: *"Because jy use vir Blanchie, jy, ou dad. Sy bring mos cash in, cash. Dis mos al waarin jy interested is, die ... Jou eie vleis en bloed, en jy use haar so ..."*
- **Cavernelis se goeie taalgebruik dui juis op die verskil tussen hom en die res van die gemeenskap**, want hy praat nie dieselfde Afrikaans as die ander karakters nie./Bv. bl. 20: *(Cyril) "Meng met niemand in nie"; gaan net ons gang!" "Mister Cavernelis praat darem mooie taal, nè? Hoge Afrikaans ... Ons ken mos nie sulke taal hierso in onse area, innie township nie!" (Cavernelis) "Kan ek help hoe ek praat? Kan ek help dat ek van die Boland ... van up-country af ... kom?"*
- **Cavernelis dra by tot die subintrige van die drama** as hy die spot van die gemeenskap raak en deur hullle geminag word, nie uit jaloesie omdat hul daar wil wegkom nie, maar omdat hy Blanchie gebruik om onder die dekmantel van 'n masseuse as prostituut te werk./Bv. bl. 41: *TOMMY: ...maar 'is haar ou dêrre, mister Cavernelis, hy druk vir haar so in alles in, vir geld ...*
- **Cavernelis se optrede ondersteun die tema van die drama,** want hy hoop op 'n beter lewe buite die township, maar kan nie die verydeling van sy droom verwerk nie en uiteindelik pleeg hy selfmoord./Bv. bl. 61: *"By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ... Maar ... missies C ... ek skreeu vir hom, mister C! ... mister C!! ... en toe ... en toe ... Die trein ... die bicycle ... Mister C ... ek het niks gekan doen nie!!"*
- **Die verydeling van Cavernelis se drome – toe Blanchie nié die modelkontrak kry en hy besef dat hulle nie sal kan wegtrek nie –** ondersteun die tema van uitsigloosheid en toekomsloosheid vanweë die politieke en sosiale omstandighede op die Kaapse Vlakte waarvan mense nie kan ontsnap nie./Bv. bl. 55: *Hy kyk net. Hy sê niks nie. Staan 'n hele ruk lank so. CAVERNELIS (stil): Ek het maar net my beste ... geprobeer ... al die jare ... (Hy kyk na hulle. Hulpeloos. Dan verlaat hy die vertrek, stadig – 'n man wat platgeslaan is.)*
- **Cavernelis se obsessie om die lewe in die township te ontsnap, dra by tot uiterlike konflik tussen mense wat eintlik op mekaar se doen en late ingestel is** wanneer Maud en Blanchie mekaar te lyf gaan nadat sy gehoor het dat die modelkontrak van die baan is en Blanchie hom vir alles verantwoordelik hou./Bv. bl. 55: *BLANCHIE: (skielik, bitter, huilend, skreeuend): 'Is alles Daddy se skuld.*
- **Ten spyte van Cavernelis se harde werk (en sy misbruik van sy kind ter wille van 'n droom/ideaal) bly geluk/verandering/hoop hulle ontwyk,** want nie een van hulle planne realiseer nie./hoe langer hulle bly en werk, hoe minder is die sukses en hoe meer besef hulle dat hulle hulle omstandighede nie kan ontvlug nie; dat die werk en opofferinge tevergeefs was./Bv bl. 50: *La GUMA: ... mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk, die tralies!*/Bl. 54: *MAUD: " ... We've got to get the hell out of this township ... Right? ... Right? ... Só sê jou daddy ... vir jare al ... As if we can! As if we can! Fools! Bloody stupid fools! Jus' look at us now, kyk hou ... hoe humiliate julle vir ons!!!*
- **Cavernelis se geestelike ineenstorting suggereer dat hy besef dat hulle deel is van 'n plek en omstandighede waarvan hulle nooit sal kan losbreek nie,** want wanneer die konflik tussen Blanchie en Maud die toppunt van spanning veroorsaak, besef hy sy skuld aan Blanchie se uitgelewerdheid./kla sy gewete hom aan oor hy Blanchie laat misbruik het ter wille van 'n droom./Bv. bl. 54: *BLANCHIE: ... Shut up! Shut you up!(Sy kry Maud beet, pluk haar rond.) Shut up! Jy wil net so hierso yt, soes Daddy! So what do you talk?! ... CAVERNELIS: Blanchie ... Maudie ... En Cavernelis versteen, totaal geskok ...*
- **Cavernelis se selfmoord beklemtoon die tema, nl.** dat mense wat vasgevang is in 'n politieke en/of sosiale beleid wat hulle degradeer tot werklose, arm, onderdrukte, identiteitlose, miskende mense nooit vry word nie./nooit hulle omstandighede omtsnap nie./
Bv bl. 54: *MAUD: " ... We've got to get the hell out of this township ... Right? ... Right? ... Só sê jou daddy ... vir jare al ... As if we can! As if we can! Fools! Bloody stupid fools! Jus' look at us now, kyk hou ... hoe humiliate julle vir ons!!!*

- **Cavernelis beklemtoon die hopeloosheid van ontsnapping uit hul slegte omstandighede,** want die trein wat die Cavernelisse uit die township moes neem, is juis die middel wat alle hoop vernietig omdat Cavernelis onder die trein sterf./Bv. bl. 61: *"By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ...*
- **Cavernelis se optrede ondersteun die uitsiglose bestaan op die Kaapse Vlakte,** want hy hoop op 'n beter lewe buite die township, maar kan nie die verydeling van sy droom verwerk nie en uiteindelik pleeg hy selfmoord./Bv. bl. 61: *"By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ... Maar ... missies C ... ek skreeu vir hom, mister C! ... mister C!! ... en toe ... en toe ... Die trein ... die bicycle ... Mister C ... ek het niks gekan doen nie!!"*

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot. **[25]**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

***Krismis van Map Jacobs* – Adam Small**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Die neweteks/terugflits/verwysing na skooldrag/die speelparkie in die neweteks dui op die onskuld tussen Map en Blanchie. √ | 1 |
| 13.2 | Blanchie het nie die modelkontrak gekry nie.<br>Maud het Blanchie 'n jintoe genoem./sleggesê/geskree. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde uit die drama vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.3 | Hy neem Cavernelis nie kwalik vir wat hys Blanchie laat doen het nie./<br>Hy neem nie vir oom Paulsen kwalik omdat hy nie meer in die Kersorkes mag speel nie./<br>Hy neem nie wraak teen die bendelede/gemeenskap nie.√ | 1 |
| 13.4 | Map wil weet of Blanchie al haar ouers van hul verhouding vertel het. √<br><br>Blanchie wil nie hê dat Map druk op haar moet plaas om haar ouers te vertel nie. √<br><br>Sy is nog nie gereed om hul verhouding openbaar te maak nie./<br>Sy is skaam vir die verhouding. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.5 | Dit dui op die karakters se aarseling/onsekerheid/skaamwees vir mekaar/ongemak in die ontluikende verhouding. √ | 1 |
| 13.6 | Blanchie word 'n prostituut. √<br><br>Map is deel van bendes./pleeg moord (en gaan tronk toe). √<br><br>Blanchie se naam beteken skoon/wit/onbevlek, **maar** sy smeer haar "vuil" as sy haar liggaam verkoop. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.7 | Die gemeenskap bespiegel oor wat Map gaan doen wanneer hy uit die tronk vrygelaat word./of Map hom gaan wreek op die gemeenskap./dit is die gebeure wat die handeling aan die gang sit. √<br><br>Die verrassing is dat Map geen moeilikheid maak nie./net rustig in sy ma se huis wegkruip./aanvanklik met niemand kontak maak nie./Blanchie en Cavernelis vergewe. √ | 1<br><br>1 |
| 13.8 | Map is uitgelewer aan die omstandighede waaruit hy wil kom deur 'n goeie werk te kry. √<br><br>As gevolg van die stelsel van Apartheid word die beter werksgeleenthede vir wittes gereserveer./kan hy ten spyte van sy "goeie" matriek nie 'n geskikte werk kry nie. √ | 1<br><br>1 |
| 13.9 | Dit verwys na sy aansluiting by die bendes./die moord op Ivan Philander./toestemming dat die vroue verkrag kan word. √ | 1 |
| 13.10 | Map se vermoë om te erken dat hy 'n swak leier was./om vergifnis bo wraak te kies./<br>Map se vermoë om die verband tussen homself, Blanchie en Cavernelis se verkeerde weë raak te sien./te respekteer./<br>Map se vermoë om empatie te toon vir die desperate pogings van iemand wat sy omstandighede probeer ontsnap. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks van die drama vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Map het die potensiaal om 'n leier te wees omdat hy 'n wesenlike rol in die orkes gespeel het./ten spyte van sy omstandighede matriek gemaak het./leier was van drie bendes./<br>Hy toon begrip vir mense se omstandighede./drome om 'n situasie te ontsnap./<br>Map het in die tronk tot inkeer gekom wat positiewe leierskap tot gevolg sal hê./<br>Map neem nie wraak nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy verlede sal altyd teen hom gehou word./Map se lyf is vol tatoeëermerke wat hom altyd sal brandmerk as 'n misdadiger./<br>Sonder die ondersteuning van die Apostel in die tronk bestaan die moontlikheid dat hy kan terugval in verkeerde weë. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke redes vir EEN PUNT elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 13.11 | In TEKS G is die stemming en toon onskuldig./speels./skugter./liefdevol.<br><br>In TEKS H is die stemming ongemaklik./hartseer./verwytend.√<br><br>**EN**<br><br>Map en Blanchie is nog verlief./in 'n verhouding. √<br><br>Map en Blachie het beide verkeerd gehandel./Blanchie voel skuldig teenoor Map. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.12 | Ja<br>Mense met geldelike vermoëns/in beter sosiale omstandighede het die middele om hul omstandighede na willekeur te kan verander./<br>Dit is so dat mense wat in armoedige omstandighede is, dikwels dink dat hulle minder keuses het./meer desperaat is om enige uitweg te kies.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie alle moeilike omstandighede is noodwendig finansieel en sosio-ekonomies van aard nie./<br>Mense se rykdom en status kan hulle tronk wees./<br>Ryk mense kan gevang word in die obsessie om nog meer te wil hê en hulle wend hulle dan tot kriminele of onetiese gedrag.√√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke redes vir EEN PUNT elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 14: OPSTELVRAAG**

***Mis* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **In hierdie drama is Miem een van die newekarakters wat bydra tot die hoofkarakter se uiteindelike groei./verandering/besluit om uit te breek**, want sy veroorsaak baie innerlike konflik by die hoofkarakter./Meisie./haar dogter./Bv. bl. 11: *Dit sal haar goed doen. Sy is mos alewig ontevrede.*/Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*/Bl. 30: *En elke jaar het sy my streng belet om sirkus toe te gaan.*
- **Miem neem die rol van hoof van die huis waarin sy en Meisie bly, op**, want haar man het hom aan die wêreld onttrek./het hom in die solder afgesonder./Bv. bl. 31: *Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie.*
- **Miem is die broodwinner van die gesin/verkoop mis as 'n bron van inkomste**, want Gabriël kan nie finansieel vir die gesin sorg nie./het hom aan die wêreld onttrek./Bv. bl. 6: *So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*/Bv. bl. 4: *Ons moet dertig hê voor môre.*
- **Miem werk ter wille van hul oorlewing baie hard/sonder enige ruskans/van die oggend tot die aand** omdat sy die pot aan die kook moet hou én vir Gabriël moet sorg./Bv. bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, nét na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien …*
- **Miem se verhouding met haar dogter is gekompliseerd/gespanne,** want sy eis geweldig baie van haar dogter wat werk betref./sy gebruik haar gesondheid om Meisie tot gehoorsaamheid te manipuleer./sy gun Meisie nie vrye tyd/'n jongmenslewe nie./daar moet sakke vir die mis gemaak/gevul word./die mis moet daagliks bewerk word./die vensters moet skoon gemaak word./Meisie moet die plek vee./Bv. bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof.*/Bl. 7: *Het jy geen skaamte nie?*/Bl. 7: *Dit het my 'n knou gegee. Van toe af voel ek baie erger!*/Bl. 8: *Gaan aan met jou werk!*

- **Miem se ongenaakbare houding jeens Meisie veroorsaak by Meisie ontevredenheid/konflik,** want sy het geen vryheid nie./mag nie die huis verlaat nie./mag nie eers deur die venster na die sirkusliggies kyk nie./word die heeldag gehiet en gebied./Bv. bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied!/*Bl. 14: *Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!*/Bl. 24*: Kom weg daar by die venster.*/ Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*/Bl. 30: *En elke jaar het sy my streng belet om sirkus toe te gaan.*
- **Miem ontsê Meisie alle jongmenspret en vryheid**, want sy vrees allerhande nuwerwetse goed./maak haar kind outoritêr/streng/Calvinisties/eng groot./sien in alle vreemde goed iets boos./Bv. bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne*!/Bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was.*/Bl. 19: *Die aaklige musiek.*/Bl. 30: *Dis die musiek. Ek moenie daarna luister nie.*
- **Miem beheer Meisie se lewe met 'n ysterhand/praat haar gedurig bang oor die invloed van euwels soos die sirkus,** want sy is bang die bose wêreld beïnvloed Meisie se gees/siel negatief./Bv. bl. 5: *Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur.*/Bl. 30: *Dis die musiek. Ek moenie daarna luister nie.*
- **Miem manipuleer Meisie tot gehoorsaamheid/eis blinde gehoorsaamheid van Meisie,** want sy herinner Meisie gedurig aan 'n vorige oortreding en die gevolge wat dit vir haar (Miem) ingehou het./Bv. bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was.*
- **Miem is blind vir haar invloed op Meisie/vir die gevolge van haar optrede teenoor Meisie**, want sy besef nie dat haar dominerende geaardheid Meisie van haar wegdwing nie./want sy kom nie agter dat Meisie ontevrede is/na vryheid smag nie./Bv. bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied!/*Bl. 14: *Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!*/Bl. 24*: Kom weg daar by die venster.*
- **Miem begaan 'n geweldige oordeelsfout deur Meisie aanhoudend te herinner aan haar ongehoorsaamheid**, want sy bring verwydering en ontevredenheid tussen haar en haar kind in plaas van liefde en respek./begrip./Bv. bl. 30: *En elke jaar het sy my streng belet om sirkus toe te gaan. Ek was ongehoorsaam. My ma het siek geword … van die ontsteltenis.*/Bl. 11: *Dit sal haar goed doen. Sy is mos alewig ontevrede.*/Bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.*
- **Miem ontken Meisie as individu/mens in eie reg met eie behoeftes en drome,** want sy verbied haar om sirkus toe te gaan./glo die sirkus is boos./ignoreer haar naam./identiteit/noem haar Meisie./Bv. bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied.*/Bl. 7: *Dis 'n euwe!*/Bl. 24*: Kom weg daar by die venster.*/Bl. 27: *Meisie ... Maar dis nie my regte naam nie.*
- **Miem sien alles wat sensueel is as boos**, want sy glo sy moet Meisie se gees en liggaam veilig hou./Bv. bl. 7: *Dit is 'n euwel! Het jy geen skaamte nie?*
- **Miem gee vir Meisie 'n vals indruk van moraliteit,** want sy gee te kenne dat sy niks van die sirkus wil weet nie./dat die sirkus boos is terwyl sy self nuuskierig is en uitvra oor alles wat Gertie ervaar het./sy smeer blatant haar dogter aan 'n vreemdeling af./Bv. bl. 11: *Nou vertel ons van die arme skepsels, Gertie ...*/Bl. 24: *Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie?*/Bl. 25: *Miskien wil u haar hare voel?*/Bl. 25: *Maar die heupe is tog breed genoeg*.
- **Miem onderdruk enige hunkering na vryheid**, want sy moet nou die beskermer van Meisie se maagdelikheid wees./Bv. bl. 5: *Ek sal die hele nag by jou waak.*/Bl. 8: *Ek sal jou beskerm teen alle gevaar.*
- **Miem besef dat daar 'n uitkoms vir haar omstandighede kan wees en probeer Meisie aan Konstabel afsmeer**, want indien hulle sou trou, sal Gabriël afkom en by haar wees./Bv. bl. 25: *'n Fees vir die oog ... Meisie sal jou geselskap hou, Konstabel.*/Bl. 40: *As sy trou sal hy afkom.*
- **Miem se vrees vir die bose verblind haar vir Konstabel se ware kleure/planne/valsheid**, want sy laat hom toe in haar huis wat tot Meisie se verleiding lei./Bv. bl. 15: *Kom gerus binne./*Bl. 17*: Kom sit gerus, Konstabel./*Bl. 43: *Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.*
- **Miem se vrees vir die bose verblind haar vir die boosheid van Konstabel**, want sy smeer haar dogter aan hom af./Bv. bl. 24: *Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie?*/Bl.25: *Miskien wil u haar hare voel?*/Bl. 25: *Maar die heupe is tog breed genoeg*.

- **Miem laat toe dat Meisie saam met Konstabel na buite gaan** omdat sy dink hy is skadeloos as gevolg van sy blindheid./Bv. bl. 39: *Dit is gaaf van u, Konstabel.*
- **Miem se misplaaste vertroue in die geregsdienaar gee vir Konstabel geleentheid om met Meisie alleen buite te gesels/om Meisie te oorreed om saam met hom weg te loop,** want sy doen alles wat hy haar gesê het om te doen./kom skelm terug na die Konstabel nadat haar ma en Gertie gaan lê het./dartel soos 'n vlinder by die agterdeur uit in reaksie op die planne wat sy saam met Konstabel beraam het./Bv. bl. 50: *Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.*
- **Miem is 'n belangrike draer van die tema in hierdie drama**, want sy smag na bevryding van haar manlose bestaan./benouende omstandighede./Bv. bl. 47: *Miem huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.*/Bl. 48: *Nou ja … Ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou.*
- **Miem is direk verantwoordelik vir die verdwyning van haar dogter,** want sy is blind vir die werklike situasie in haar eie huis./haar kind se ontevredenheid en ongelukkigheid./se smagting na vryheid en 'n lewe vol avontuur./die gevaar wat Konstabel inhou./Bv. bl. 17*: Kom sit gerus, Konstabel./*Bl. 43: *Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.*/Bl. 7: *Dit is 'n euwel! Het jy geen skaamte nie?*/Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit! Die aaklige musiek maak my skoon naar.*/Bl. 11: *En vir wat wil jy weet?*/Bl. 13: *So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*/Bl. 29: *Toe voel ek 'n hand op my skouer. Dit was my ma.*
- **Miem is 'n belangrike karakter** omdat sy deel is van die eksposisie van die drama, bydra tot spanning, die intrige verwikkelder maak en die hoofkarakter se konflik veroorsaak./Bv. bl. 5: *Ek dink hy voel dit aan. Die onheil. As vannag tog net verby wil gaan.*

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot. **[25]**

**VRAAG 15 KONTEKSTUELE VRAAG**

***Mis* – Reza de Wet**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Miem lei af dat die Konstabel suggereer dat Gabriël dalk die moordenaar/ verkragter/ ontvoerder/verdagte is. √ | 1 |
| 15.2 | Ja<br>Dis haar man/na wie sy verlang./aan wie sy behoefte het./<br>Sy verdedig sy goeie naam in haar eie belang./wil nie hê mense moet sy optrede verkeerd beoordeel nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Gabriël laat sy vrou en kind in die steek deur hulle aan hulle eie lot oor te laat./Hy is 'n lamsak wat sy vrou en kinders in slegte tye alleen laat./verwag dat hulle hom moet bedien. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.3 | Dis die nag van 31 Augustus waarin die gemeenskap 'n ontvoerder/verkrag-ter/ moordenaar vrees./<br>Hulle het 'n man se beskerming nodig./<br>Gertie stel in die man belang. √√ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.4 | Hy beklemtoon sy eie weerloosheid./blindheid./<br>Hy wek simpatie./bewondering./<br>Deur sy woorde maak hy hulle nog 'n keer bewus van die gevaar wat dreig sodat hulle besef dat hulle hom nodig het.<br>Hy wil hê die vroue moet hom vertrou./as biegvader gebruik./<br>Hy manipuleer Gertie om vir hom te dans./Miem op die wyse waarop hy haar groet./Meisie om saam met hom die nag in te dans./die vroue om te glo dat hy 'n konstabel is. √√√ | 3 |
| 15.5 | Ja<br>Sy praat dikwels so met Meisie./is nie altyd vriendelik met Meisie nie./het in die teks Gertie se besware doodgepraat en gesorg dat sy haar sin kry./<br>Sy is gewoond daaraan om almal te hiet en gebied./'n dominerende vrou.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Konstabel beskuldig haar man./<br>Sy is net gespanne oor die situasie./<br>Sy wil Meisie beskerm. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.6 | Dit versterk die stemming./onheil./die onsekerheid wat hy by die vroue wil tuisbring./intimideer/manipuleer die vroue om hom te laat bly. √ | 1 |
| 15.7 | Die leser sou verwag dat Miem teen hierdie tyd deur Konstabel se bedrog kon sien, maar sy dink hy dra hulle belange op die hart./<br>Sy beloof om Meisie veilig te hou/by haar te waak, maar dis juis sy wat die gevaar in die huis innooi./<br>Die leser verwag dat iemand wat so streng en eng/konserwatief is, seker sal maak van wat sy sien, maar Miem sien die goed wat belangrik/gevaarlik/boos is, nie raak nie. √<br><br>**EN**<br><br>Die titel *Mis* is hier van toepassing omdat Miem iets "mis"./nie raaksien nie./verkeerd sien./nie agterkom dat Konstabel haar bedrieg nie. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.8 | Dit bevestig dat dit wel Konstabel is wat vir die ander meisies se verdwynings verantwoordelik is./<br>Dit sluit by Meisie se bevryding uit haar beklemmende "Christelike" lewe aan. √ | 1 |
| 15.9 | Ja<br>Sy verwag 'n konstabel, maar sy sien 'n sirkusnar./<br>Sy het buite/toe hulle die slopemmer gaan leegmaak het, baie min tyd gehad om die konstabel te leer ken./Konstabel is eintlik vir haar 'n vreemdeling. √<br><br>**EN** | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Sy sien in Konstabel iemand wat haar die vryheid kan gee waarna sy so smag./<br>Konstabel het haar as vrou bewus gemaak van haar vroulikheid toe hy sy vingers oor haar gesig en nek gestreel het./<br>Hy het haar identiteit gegee deur haar op haar name te noem./te sê dat haar name mooi is./sSy het nog nooit vantevore so baie met ander mans te make gehad nie./is nie voorbereid op die feit dat vreemdelinge gevaarlik kan wees nie./het min mensekennis./haar ma het al die detail oor die ontvoerings van haar weerhou (om haar te beskerm). √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 3 |
| 15.10 | Hy wys haar op/herinner haar aan die vryheid/eksotiese/avontuurlike/nuwe wêreld wat buite die huis wag. √<br><br>Hy nooi haar uit om saam met hom die eksotiese/avontuurlike vryheid te gaan ervaar. √<br><br>Mense (Miem, Gertie en Meisie) smag na bevryding van hulle benouende/beklemmende/ongunstige omstandighede./gevangenisskap in die huis./van hulle armoede en harde werk. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.11 | Meisie word bloot *Meisie* genoem wat dui op identiteitloosheid/iemand wat nie gereken word nie./iemand wat eintlik niks is./sy word nie as Margaretha Johanna gereken nie. √<br><br>Ja<br>Dis 'n baie aktuele probleem in ons tyd omdat so baie mense/volke/vroue nie gereken word nie./bloot net nommers is./smag na erkenning./ons toenemend massamense word/ons individualiteit/identiteit inboet.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ek weet wie ek is./wat vir my belangrik is./word as mens erken./gereken./<br>Ek word op my naam genoem./is nie skaam om my identiteit openbaar te maak nie./<br>Ek word nooit soos 'n nommer behandel nie. √ | 1<br><br>s<br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.12 | Meisie se lewe is vol armoede/harde werk/eensaamheid/vreugdeloosheid/ beperkte beweging teenoor die avontuur/opwinding en vryheid/eksotiese wêreld van die sirkus. √<br><br>Meisie se milieu is miserabel/mistroostig/neerdrukkend/een van vasgevangenheid teenoor die sirkus wat aanloklik/eksoties/geleentheid tot bevryding is.<br>Die sirkus is vir Meisie aanloklik/eksoties, maar haar ma verbied haar./noem die sirkus 'n euwel./boosheid./maak haar bang daarmee/berispe haar.<br>Sy het een nag stilletjies weggeloop, maar haar ma het haar gaan terughaal./haar daarna permanent aan haar oortreding herinner./met woorde vir Meisie tot gehoorsaamheid gedwing. √√<br><br>*Albei dele van die kontras moet vir EEN punt aangebied word.*<br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou